

Daantjie die ontevrede donkie

Yvette Thomson


Hier is enkele van die woorde wat in die storie voorkom.

gepunte	aanhoudende	tevrede	hardkoppig	waterdig	kerm
verander	ondeund	poetse te bak	hoogtevrees	frons	deurmekaar
oortuig	draf	betrap	onwillig	smaaklose	knibbel
hindernisse	seil	beterwete	struikel	besef behoort	puik

‘Ek haat my lang ore,’ kla Daantjie Langoor daardie oggend vir die honderdste keer. ‘My ore is te slap en hulle is altyd in die pad. Hoekom kan ek tog nie ook klein gepunte oortjies soos Hektor die perd hê nie?’

Mevrou Langoor sug. As Daantjie se ma is sy al gewoond aan haar seun se aanhoudende gekla. Hy is nooit tevrede nie en alewig aan die kla. ‘Ag Daantjie, daar is niks verkeerd met jou ore nie. Kyk, myne lyk presies soos joune.’ Mevrouw Langoor wys na haar eie lang bruin ore. ‘Ons ore is beter want hulle help ons om ander donkies van ver af te hoor balk’. Maar wat mevrou Langoor ook al sê, sy kan nie vir Daantjie oortuig nie.

Daantjie bly op ’n plaas saam met sy ouers, meneer en mevrou Langoor. Dit is ’n baie mooi plaas waar varke, koeie, perde, en natuurlik donkies, woon. Almal is baie gelukkig. Almal behalwe Daantjie. Hy skud net hardkoppig sy kop.



‘Nee, ek hou nie van my ore nie. Ek wil net sulke ore soos Hektor hê’, sê hy en stamp sy voet. ‘Ek hou ook nie van my kort beentjies en my wollerige jas nie. Hektor se jas is waterdig; ek moet altyd skuil wanneer dit reën anders word ek nat. Dis nie regverdig nie!’

‘Ai tog, hou nou op met kerm’, sê mevrou Langoor. ‘Perde is nie so wonderlik nie. Het jy geweet dat perde moet staan en slaap? Verbeel jou net hoe ongemaklik dit moet wees! Hulle is ook nie naastenby so intelligent soos donkies nie!’

‘Ek gee nie om nie. Ek wil ’n perd wees!’ Daantjie is dikbek. ‘Van nou af is ek Daantjie die perd’. En so begin Daantjie verander van ’n donkie in ’n perd. Eers sien niemand enige verskil nie, maar mettertyd begin die ander donkies Daantjie se vreemde gedrag oplet.

‘Haai Daantjie! Wil jy saam met my kom speel?’ vra Sheila die meisiedonkie vir hom. Sheila is Daantjie se beste maatjie en hulle ken mekaar al van kleins af. Hulle speel altyd saam en beland dikwels saam in die moeilikheid. Almal op die plaas noem hulle die twee karnallies omdat hulle so ondeund is.

Daantjie en Sheila hou daarvan om poetse te bak op die ander diere. Op ’n dag begrawe hulle Henriëtta die hen se eiers sodat sy dit nêrens kan kry nie. ’n Ander keer sit hulle vir Henriëtta in ’n hoë boom terwyl sy aan die slaap is. Toe sy wakker word kan sy nie afkom nie want sy ly aan hoogtevrees!

‘Nee, vandag gaan ek by Hektor die perd speel,’ sê Daantjie vir Sheila.

‘Wat?’ roep sy. ‘Hoekom wil jy met Hektor die perd speel? Jy weet mos perde hou nie van ons donkies nie.’

Daantjie frons vir haar. ‘Nou-ja, dit is juis hoekom ek nie meer saam met jou wil speel nie – jy is ’n donkie en ek is ’n perd.’

Sheila bars uit van die lag. ‘Hieha, hieha, hieha hô, jy is so snaaks Daantjie,’ roep sy, ‘dit is nou rêrig ’n goeie grap.’ Daantjie frons. ‘Dis nie ’n grap nie. Ek is ’n perd en dit is ’n feit’, sê hy terwyl hy omdraai en wegstap.

Daantjie stap na die stalle waar Hektor en sy familie woon en laat Sheila heeltemal deurmekaar agter. Sy wonder of hy mal geword het.


Daantjie klop aan die donkerbruin deur van die stal. Klop-klop. ‘Hektor! Is jy hier?’ Na nog ’n harder klop steek Hektor sy kop om die draai. ‘Wat maak jy hier?’ vra hy en kyk verras na Daantjie.

‘Ek kom by jou speel,’ antwoord Daantjie. ‘Van nou af is ek ’n perd.’

‘Hmm, dis seker maar reg so,’ sê Hektor, maar hy lyk nie baie oortuig nie.

Daantjie glimlag. ‘Wat wil jy eerste doen?’ vra hy.

‘Kom ons gaan draf,’ stel Hektor voor. Maar na ’n paar minute se draf betrap Daantjie homself dat hy wens hy kan liewer saam met Sheila in die modder speel. ‘Komaan! Vinniger, vinniger, vinniger!’ roep Hektor.



‘Ek kan nie vinniger nie,’ kla Daantjie. ‘Kan ons nie liewers iets anders doen nie?’

Hulle is baie honger van al die hardloop en besluit om te gaan eet. ‘Hmm, ek is lus vir vars hooi,’ sê Hektor.


Daantjie trek sy neus op. ‘Nee sies! Ek eet nooit hooi nie.’

Hektor frons. ‘As jy ’n perd wil wees moet jy hooi eet.’ Langtand begin Daantjie die droë smaaklose hooi eet. Hoe wens hy nie hy kon saam met Sheila middagete eet nie! Mevrouw Langoor gee altyd vir hulle sappige wortels en suikerklontjies om aan te knibbel.

‘Nou wil ek oefen om te spring,’ sê Hektor. Hy is die skouspring kampioen en hou daarvan om oor groot hindernisse te spring. Maar Daantjie met sy kort bene kan glad nie hoog spring nie. Hy kyk net hoe Hektor oor ’n baie hoë hindernis seil. ‘Kom nou, probeer dit, toe! Dit is soveel pret,’ roep Hektor. Teen sy eie beterwete begin Daantjie hardloop vir die sprong.

Skielik struikel hy en val met ’n harde slag op die grond. Toe hy daar in die modder lê, onthou Daantjie hoe lekker dit is om ’n donkie te wees. Hulle spring nooit nie. Hulle hardloop nooit nie – behalwe om vir Henriëtta die hen weg te hardloop. En hulle eet nooit, ooit hooi nie. Hy mis Sheila vreeslik! ‘Ek het besluit ek wil nie meer ’n perd wees nie,’ sê Daantjie vir Hektor. ‘Ek hou baie van jou, maar ek mis my donkie vriende.’

Terwyl hy huis toe stap, besef hy hoe dom hy was. ‘Ek moes nooit iemand probeer wees wie ek nie is nie,’ sê hy vir homself. ‘Ek behoort trots te wees op my slap ore en my kort beentjies!’ Daantjie hoop net dat Sheila nie te kwaad vir hom is omdat hy gedink het hy is te goed om ’n donkie te wees nie.



Gelukkig is dit nie nodig om bekommerd te wees nie. Toe Sheila hom sien, glimlag sy dadelik breed. ‘Ek het geweet dat dit glad nie so lekker sou wees om saam met Hektor te speel as in die modder saam met my nie!’

Daantjie glimlag en knik. ‘Hoekom sal ek voorgee om iemand anders te wees as ek al klaar so puik is – ek is ’n lieflike donkie!’

